

# KOMMUNIKAMMA 20 AUGUSTUS 2023



## **Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:**

Jou blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za

Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

Die leraars besoek jou graag op versoek. Neem asb vrymoedigheid om met ons te skakel.

## **WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**

Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:

Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.

Stuur 'n whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.

Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

## **PROGRAM VIR DIE WEEK:**

### **Sondag 20 Augustus**

### **Week 3 van die 7 Weke Reeks (GAAN GROOT!)**

**08:30 EIETDSE DIENS, POPPEKAS EN KLEUTERKERK**

**09:45 KATEGESE**

**10:00 KLASSIEKE DIENS**

**18:00 LEEF@KERK**

**Skriflesing:** Psalm 8

**Tema:** Groot Geskep

Skakel gerus om 08:30 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

## **Die dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Christelike Lektuur Fonds**

CLF (Christelike Lektuurfonds) bring sedert 1957 die Boodschap van die Bybel aan almal deur gratis en bekostigbare lektuur. Pamflette is beskikbaar in meer as 20 tale oor onderwerpe wat wissel van geloofsgroei tot sosiaal-maatskaplike probleme. Hierdie hulpmiddels is ideaal vir eie geloofsgroei of om in 'n een-tot-een verhouding met iemand anders te gebruik om hulle te vertel van sy liefde en trou.

Raak betrokke by die **1 MILJOEN BYBELS VIR 1 MILJOEN KINDERS-PROJEK** om die Bybelse boodskap na die kinders van ons land in Afrikaans, Engels, Xhosa, Sotho, Tswana, Zoeloe en Pedi te bring. Vir meer inligting of indien jy self die projek vir kinders in jou area wil aanpak, stuur 'n epos aan [info@clf.co.za](mailto:info@clf.co.za) (Mei 2023: meer as **129,089** Bybels versprei in sewe tale.)

Besoek ons webwerf by [www.clf.co.za](http://www.clf.co.za) of skakel 021 873 6964 vir meer inligting

## **Maandag 21 Augustus**

### **KERKKANTOOR**

Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb kennis dat die kerkkantoor weksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041-360 1484) beskikbaar is.**

### **12:45 GEBEDSKILD**

Gemeente gebedgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

### **18:00 ADMINISTRASIE**

### Woensdag 23 Augustus

#### **PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**

Ons het opgemerk dat die behoefte aan kospakkies by die PE Noord gemeenskap al hoe groter raak, veral met die aanhoudende koue winterweer. Dit blyk dat die koue die nood onder die gemeenskap verhoog het.

In die besonder is daar 'n dringende situasie waarin een van die dogters van die gemeente swanger is en verwag om in September geboorte te gee. Hulle is opsoek na basiese benodighede vir die mamma en die baba. Enige bydraes wat julle kan maak, sal 'n groot verskil maak in die lewens van hierdie gesin. Ons versoek dat julle Maandae en Woensdae by die kerkkantoor kan inloer om julle skenkings in te handig. Enigiets, van nie bederfbare kositems tot klere, babaformule, babakos, doeke en selfs baba-toebehore, sal waardeer word.

### Vrydag 25 Augustus

#### **05:00 MANNEGROEP by Carnationlaan 15**

Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

### Sondag 27 Augustus

#### **10:00 GESAMENTLIKE EREDIENS met ds Ivor Swartz**

**Die jongmense van Leef@Kerk gaan almal saam by Lorraine Gemeente verder luister na Ivor Swartz.**

#### **GEBEDSAKE:**

Loof die Here vir milde reën en vir damvlakke wat aanhoudend styg.

Lorraine Gouws is oorlede. Bid vir haar familie vir vertroosting en berusting.

Ryno Muller se ma is oorlede. Bid vir ook vir sy familie vir vertroosting en berusting. Bid ook vir Ryno wat aansterk by die huis.

Lynn Lombard vir genesing. Sy sukkel al baie maande met haar gesondheid.

Tina van der Merwe se herstel na 'n suksesvolle operasie.

Tree in vir die sewe weke reeks in ons gemeente. Ons bid dat die gemeentedelede entoesiasties sal deel neem en sal volhard om deel te bly van die sewe weke.

Dank die Here vir die volgehoue ondersteuning van Kraggakamma gemeentedelede aan PE Noord gemeente. Ons maak beslis 'n verskil om die armoede en hartseer daar te verlig.

Die beëindiging van die oorlog in Oëkraïne asook vir kinders van die Here wat onverpoos uitreik na hul mede landsburgers met voorsiening van kospakkies, klere en ander noodsaaklikhede. Bid veral ook vir die uitdra van die Woord van God. Mag duisende ongereddes tot 'n persoonlike ontmoeting met die Here kom onder hierdie onuithoudbare omstandighede.

Bid vir die beroepinsprosesse by die Algoa-, Sydenham- en Grasvoëlkop Gemeentes.

Bid teen die geweld in ons land.

#### **THERE4-BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**

Bid saam vir verdraagsaamheid tussen geloofsgemeenskappe in **Morokko** dat Christene die vryheid sal hê om byeen te kan kom.

Die dames word uitgenooi na 'n oggend vol pret en kaartjies maak. Hierdie kaartjies gaan gemaak word om boeties en sussies in Egipte te bemoedig.

Datum: Saterdag 26 Augustus

Tyd: 10:00 – 12:00

Plek: Cassiarylaan 27, Sunridge Park

Kontak Elizma (083 940 5617) vir meer besonderhede.

There4-Bedieninge is opsoek na speelgoed instrumente vir hulle uitreik na Egipte. Kontak Elizma (083 940 5617)

#### **EEN VISIE. EEN STAD. GENEES ONS NASIE.**

**Gebed en vas inisiatief van 18-20 Augustus in Nelson Mandela Baai.**

#### **Bid vir genesing en versoening**

Bid dat harte versag en wonde genees word. Vra God om versoening tussen mense van verskillende rasse, politieke partye, gelowe en agtergronde te werk. Bid vir vergifnis, empatie en begrip.

#### **Bid vir leierskap**

Bid vir wysheid, nederigheid, integriteit en deernis in ons leiers. Vra God om vir hulle 'n visie vir eenheid en moed te gee om moeilike besluite, wat die algemene welsyn bevorder, te maak. Bid dat hulle regverdig sal regeer en sal werk vir die mense.

#### **Bid vir media en beïnvloeders**

Bid dat die media, joernaliste, openbare figure en leiers die media as platform vir boodskappe van hoop, empatie, waarheid en eenheid sal gebruik eerder as om leuens, vrees of verdeeldheid te versprei.

#### **Bid vir gemeenskappe**

Bid vir eenheid, vertroue en samewerking binne ons plaaslike gemeenskappe. Vra God om verhoudings tussen bure, gemeenskapsgroepe, skole, kerke, besighede en burgerlike organisasies te versterk. Bid dit mense van uiteenlopende agtergronde sal opstaan vir gedeelde belange en vir die voordeel van die metro.

#### **Bid vir jouself**

Bid dat God vir jou 'n gees van eenheid, nederigheid en versoening sal gee. Vra Hom om enige vooroordeel, bitterheid of verdeeldheid uit jou lewe te verwyder. Bid vir wysheid en moed om brûe te bou met mense wat anders as jy is en om genesing in verhoudings te bevorder. Ons volk se eenheid en stad se herstel begin by elkeen van ons.

#### **SEWE WEKE REEKS**

Ons doen hierdie kwartaal weer 'n sewe weke reeks. Ons nooi almal uit om vir hierdie tyd 'n eie kleingroep te begin of om by 'n bestaande groep van hulle keuse in te skakel. (Besonderhede van selgroepe is agter in kerkalmanak.) Die groepe bespreek onder andere die tema in die week wat volg op die preek. Indien jy wil inskakel, kontak asb met Elizma Harmse by sel: 083 940 5617.

Hierdie jaar se tema is: Gaan Groot!

Sondag 27 Aug - Een erediens om 10:00. Ivor Swartz lei die diens.

Groot genade - 2 Kor 12:9

Sondag 3 Sept

Groot vertroue - Matt 14:22-33; Ps 37:3-5; Luk 12:22-31

Sondag 10 Sept

Groot vreugde - Fil 4:4-9; Joh 10:7-11; Hab 3:17-19

Sondag 17 Sept

Groot vrede - Joh 14:27; Luk 10:38-42; Ps 85

Sondag 24 Sept (Erfenisdag)

Gemeente ete/Erfenisbraai na erediens.

#### **HUIS LOUISA MEYBURG**

Ons is dringend opsoek na die volgende items vir inwoners van Huis Louisa Meyburg:

Seep, Weggooi skeermessies en Latex handskoene

Indien jy kan help kan die items by die kerkkantoor afgelaai word of kontak Marlene Postma (082 787 4030) vir meer besonderhede.

Hulle hou op Saterdag 2 September hulle jaarlikse basaar. Ons benodig hulp en bestanddele vir die pannekoek en poeding tafel, asook roomysbakke vir die poedingtafel. Indien jy wil help, kontak vir Dossie Nortjé (082 957 6084) of Annemarie Roets (072 611 1483)

#### **KRAGGAKAMMA GEMEENTE FAMILIE KAMP (29 Sept- 1 Okt)**

Na die groot sukses van 2022 se kamp, doen ons dit weer. Sluit by ons aan vir 'n naweek waar ons moeite doen met AL die belangrike verhoudings in ons lewe!

- Plek: Van Stadens Resort
- Koste: Verblyf en etes gedurende die naweek is vir eie rekening. Ons het as gemeente alreeds klomp staanplekke langs mekaar bespreek en die deposito betaal. So laat weet ons net indien jy wil saamkom. Die spesiale (#kraggakamma Familie kamp) tarief vir kamp staanplekke is R 220 vir die eerste 2 persone per nag, daarna is dit R90 per persoon per nag vir bykomende persone. Kinders jonger as 5 kamp gratis. Indien jy nie wil kamp nie, maar eerder in 'n huisie wil bly, moet jy self by Van Stadens Resort bespreek en jou deposito betaal. Omdat jy deel is van die #kraggakamma Familie kamp kry jy 10% af op jou bespreking. Kontakbesonderhede van Van Stadens om die huisies te bespreek: E-pos adres: reception@vanstadens.com, Tel: 041 776 1059.

Aktiwiteite om na uit te sien:

- Kwaliteit tyd as gesin, duine klim, boeresport as familie saam, swem, familie skattejag, sport op die strand, “masterchef” kompetisie, sing rondom die kamp vuur, trapbootjie ry, prettraf, en wonderlike gesprekke oor God, die gesin, gebed en die veranderende wêreld.  
Kontak asseblief vir Ds. Toit Wessels (084 240 2916) of Yolandi van der Merwe (084 705 2714) indien jy die naweek wil bywoon en indien jy dalk enige navrae het.

### **NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal ‘n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, [www.ngkraggakamma.co.za](http://www.ngkraggakamma.co.za) gaan. Druk op “Kontak ons” reg onder die gemeente logo. Vul die “Nuwe intrekkers” vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.  
**Ons verwelkom vir Johan en Elize Els van Meyerton-Suid Gemeente**

### **FONTEINVRIENDE UITSTAPPIE NA ADDO OLIFANTPARK**

Fonteinviende gaan op Donderdag 21 September op ‘n uitstappie na Addo Olifantpark. Alle afgetrede persone is welkom om saam te gaan. Ons vertrek om 09:30 met ‘n groot bus vanaf die kerkgebou en beplan om 16:30 terug te wees. Bring jou eie piekniekmandjie. Koste is R115.00 per persoon. Daar is net plek vir 60 persone. Vir enige navrae, kontak Zeld Bakkes by sel: 083 950 6096. Inbetalings kan by bestuurslede en die kerkkantoor gedoen word of ook elektronies inbetaal word by die kerk se bankrekening. Sit asb jou naam en van by en dui duidelik aan dat dit vir die Addo uitstappie is.

### **FEBA RADIO ONDERSTEUNERS BYEENKOMS**

Jy word hartlik uitgenooi na die FEBA byeenkoms op 9 Sept 23 om 10:00 by NG Kerk Lorraine, 7 Marnelaan, Lorraine. Laat weet vir Magda by 012-3355708 as jy die geleentheid wil bewoon.

### **VOLWASSE BELYDENISAFLEGGING**

Indien jy as volwasse persoon belydenis van geloof wil aflê, kontak asb vir ds MG by sel: 083 413 7100.

### **DRAF-STAP-TRAP VIR BYBELS**

Raak aktief en help met die druk en verspreiding van Bybels. Hierdie virtuele geleentheid vind 1 – 28 Augustus plaas. Jy kan enige tyd, enige plek en enige afstand draf, stap of trap vir Bybels. Registrasie by [www.peaktiming.co.za](http://www.peaktiming.co.za) teen R 100.00 per persoon.

### **GOD’S KAROO WOMEN 2023**

Die God’s Karoo Women 2023 vind die naweek van 3 – 5 November by Mentorskraal plaas. Die koste is R 320.00 vir die naweek of R 160.00 per dag. Kontak die God’s Karoo Women kantoor (071 398 6397) vir meer inligting.

### **VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

20 Augustus	Mindie Friend, Marius Langenhoven, Beyra Strydom en Keagin van der Merwe
21 Augustus	Ronel Crouse, Luhien Frazenburg jnr, Robyn Kirchner, Annette Toerien en Salomé van Heerden
22 Augustus	Willem Lombard, Roos-Marie Strydom en Japie Theron
23 Augustus	Nonnie Botha, Kian van Biljon, Chantené van Biljon, Tania van Wyk en Stanley Vermeulen
24 Augustus	Ann du Toit, Nico Oosthuizen, Suzette van der Walt, Jean-Roux van Huyssteen en Adri Vosloo
25 Augustus	Nico Gouws
26 Augustus	Craig de Beer, Mariette Grobler en Annamarië Thyse

**Ons wens tannie Annette Toerien geluk wat op Maandag 21 Augustus 92 jaar oud word.**

### **DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma  
Absa Tjekrek 1400590091  
Takkode 632005

